Aksie! in 2010 by Kaapse filmateljees

Carin Smith, Kaapstad

As alles volgens plan verloop behoort die Cape Town Film Studios (CTFS), naby Faure, aan die begin van 2010 reg vir aksie te wees.

Mnr. Nico Dekker, uitvoerende hoof van die CTFS, het Maandag by 'n amptelike viering ter plaatse van dié begin van bouwerk aan die rolprentateljees gesê die CTFS is besig om die onderskeie rolspelers in die bedryf byeen te bring. Daar is in die verlede op 'n te gefragmenteerde wyse te werk gegaan.

Meer as 60 maatskappye in die plaaslike bedryf het reeds aangedui hulle wil permanente kantore en geriewe op die CTFS-perseel inrig.

"Mense in die internasionale rolprentbedryf soos dié in Los Angeles en Europa is besig om die CTFS-projek fyn dop te hou en daar is groot belangstelling in die projek," het Dekker gesê.

Die geleentheid is deur bekendes soos die voormalige Mej. Heelal, Michelle McLean, die grapjas Riaad Moosa, mnr. Garth Strachan, provinsiale minister van finansies, ekonomiese ontwikkeling en toerisme, Kaapstad se burgemeester, me. Helen Zille en oud-premier Ebrahim Rasool bygewoon.

Mnr. Angelo Manzoni, uitvoerende hoof van Wesgro, het aan die sowat 500 gaste wat in 'n reuse-markiestent onthaal is, gesê die huidige internasionale ekonomiese toestand het hernieude belangstelling uit onder meer Bollywood in die Wes-Kaapse rolprentbedryf laat ontstaan. Hy skryf dit nie net toe aan die swakker rand wat tot groter besparings vir buitelandse rolprentmakers lei nie, maar ook weens die gehalte wat die plaaslike bedryf bied.

Een van die uitdagings wat egter die hoof gebied sal moet word, is 'n toenemende beperking op toegang tot befondsing vir die rolprentbedryf weens die huidige ekonomiese klimaat.

Daarna het mnr. Lawrence Mitchell, uitvoerende hoof van die Cape Film Commission (CFC), gesê die rolprentbedryf is een van die grootste suksesverhale van die nuwe Suid-Afrika.

Na verwagting gaan die CTFS werk vir sowat 4 000 mense uit woonbuurte in die omgewing skep.

Dit sluit Khayelitsha en Mitchells Plain in.

Die CTFS sal onder meer uit vier rolprentateljees, twee werkwinkels, 'n gebied vir ligte nywerhede, kantore en 'n residensiële area bestaan. Die moontlikheid van 'n hotel op die perseel word ook nog ondersoek.

Mnr. Anant Singh, voorsitter van die CTFS, het ter afsluiting gesê die gebrek aan 'n eie rolprentateljee was een van die grootste gapings in die plaaslike rolprentbedryf, 'n gaping wat nou oorbrug word. Hy het sy dank teenoor oud-premier Rasool uitgespreek vir die idee van 'n eie rolprentateljee vir die Wes-Kaap, 'n idee waarmee Rasool al vyf jaar gelede vorendag gekom het.